# HOOFSTUK II.

## ADAMSON EN ONDERWYSWETGEWING MET INBEGRIP VAN VERPLIGTE EN GRATIS ONDERWYS.

### 1. AGTERGROND.

Die eerste werklike onderwysreglement in Transvaal is Van der Lingen se „Schoolreglement in 13 artikels waaraan het Gemeentebestuur en de te benoemen onderwyzers zich te houden hebben."[1]

In 1855 word onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek deur die voorlopige grondwet van M.W. Pretorius in artikels 29, 254 en 267 en in sy finale grondwet van 1858 in artikel 24 as die plig van die staat bepaal.

In 1859 is kragtens 'n besluit van die Volksraad die aanstelling van 'n Kommissie van Onderwys, wat uit vier lede sou bestaan en wat as die „Algemene Kommissie vir Onderwys"[2] bekend sou staan, goedgekeur. Hierdie kommissie moes oor die onderwys in die hele Republiek toesig hou en dit het tot 1867 bly voortbestaan. In 1866 is die reglement van 1859 deur 'n nuwe[3] vervang en deur die Volksraad as die nuwe Onderwyswet van die Republiek bekragtig.

In 1874 is Onderwyswet No. 4 van president Thomas F. Burgers geproklameer. Nadat hierdie wet vir slegs eén jaar in werking was, is die Transvaal in 1877 deur Engeland geannekseer.

Die nuwe beleid soos beliggaam in die Lyle-verslag[4] en wat hoofsaaklik onderwysaangeleenthede behandel het, het veral die grondbeginsels van godsdiens, ekonomie en laeronderwys beklemtoon. As gevolg hiervan is die nuwe

1. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A.R. 1836-1900, 261.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 27.
3. Ibid, 29.
4. Ibid, 43.

onderwyswet wat op 8 Junie 1880 in werking gestel is, op 4 Junie goedgekeur. Van hierdie wet en die verbandhoudende regulasies wat in die Goewermentskoerant van 31 Augustus 1880 gepubliseer is, het daar egter niks gekom nie, want op 3 Augustus 1881 is die Konvensie van Pretoria amptelik onderteken en het die land weer 'n onafhanklike Boere-Republiek geword.

In die Staatskoerant van 18 Mei 1882 is ds. S.J. du Toit, Superintendent van Onderwys van die Suid-Afrikaanse Republiek, se beleid in Onderwyswet No. 1 van 1882 neergelê.[5] Hierdie wet het die onderwys vir die daaropvolgende tien jaar in die Suid-Afrikaanse Republiek beheer totdat dit deur Onderwyswet No. 8 van 1892 van Superintendent Mansvelt vervang is.

Hoewel die onderwys onder Mansvelt vanaf 1891 tot 1899 'n bloeityd deurgemaak het, was die Engelse skole nie tevrede met hul spesiale toelae nie.[6] Vanaf April 1895 het hierdie bevolkingsgroep op die Witwatersrand dan ook 'n veldtog geloods vir die stigting van gratis skole, waarin die Engelse taal die voertaal van die onderwys moes wees. Groot bedrae is vir hierdie doel ingesamel en in 1895 is 'n Raad van Onderwys met 'n eie „Direkteur van Onderwys" in die lewe geroep. Hierdie raad, bekend as „The Council of Education" met sy „Direkteur," mnr. John Robinson, het selfs nog na die Tweede Vryheidsoorlog groot invloed op die Randse onderwys bly uitoefen.

Nadat die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 gesluit is, is Onderwyswet No. 8 van 1892 saam met die Republiek opgehef. Teen die einde van 1902 kon Sargant, die onderwysraadgewer van die Militêre Administrasie, rapporteer dat die nuwe ordonnansie klaar opgestel is en in

---

5. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 48 tot 55.
6. Volksraadvergunning 1 Junie 1892, artikel 344.

Februarie 1903 is dit deur die Wetgewende Raad van die Kolonie as Ordonnansie No. 7 van 1903 goedgekeur.

Dis van belang om die grondbeginsels van hierdie nuwe wetgewing[7] te bepaal, omdat dit van toepassing was op 'n tydperk wat die van Adamson voorafgegaan het. Daarin word voorsiening gemaak vir:

(a) Gratis, nie-sektariese en nie-verpligte staatskole vir blankes.

(b) Staatsteun aan sektariese skole vir die naturellebevolking.

(c) Die stigting van staatsbeheerde hoër- en normaalskole en tegniese skole as voorbereiding vir 'n doserende universiteit.

Dit was verder noodsaaklik dat daar tussen die staat en die verskillende kerke samewerking in verband met godsdiensonderwys verkry moes word. Daarby moes elke blanke kind van staatsweë ondersteuning vir sy onderrig ontvang en daar moes ook voorsiening vir beurse vir buitengewoon knap leerlinge gemaak word.

Toe Adamson in Junie 1905 mnr. H. Warre Cornish, wat in die plek van mnr. Fabian Ware waargeneem het, as Direkteur van Onderwys opgevolg het, was selfregering pas aan die Kolonie toegestaan.

Lord Selborne, wat Lord Milner as Goewerneur in April 1905 opgevolg het, het op 17 November van dieselfde jaar 'n Goewermentsminute[8] met spesiale betrekking tot die onderwysbeheer uitgevaardig. Kragtens hierdie minute is plaaslike skoolbesture in die lewe geroep. Daar is 'n wesenlike ooreenkoms tussen hierdie minute en die huidige onderwyswet van Transvaal. Omdat hierdie minute en Goewermentskennisgewing No. 1117 wat in noue verband daarmee staan die Smutswet van 1907 voorafgegaan het, is dit van belang om ook hierdie wetgewende reëlings te skets:[9]

7. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 76.
8. Ibid, 85.
9. Ibid, 87.

(a) Skoolbesoek moet verpligtend wees en plaaslike bydraes moet in belang van die laeronderwys geïn word.

(b) Hy benadruk die nut van adviserende skoolkommissies en bepaal dat skole met 'n inskrywing van meer as 60 leerlinge so 'n adviserende kommissie in die lewe kan roep.

(c) Adviserende skoolrade is ook noodsaaklik om as bemiddelaar tussen die Transvaalse Onderwysdepartement en die skoolkommissies in die distrikte te dien.

(d) Die aanstelling van onderwysers moet deur die Direkteur in samewerking met die skoolkommissies en die skoolrade geskied.

(e) Die moedertaal as voertaal is vir hom die gesondste opvoedkundige beginsel.

(f) Waar daar enige twyfel insake die taalreëlings was, moes die ware betekenis daarvan deur regulasies omskryf word soos immers ook in Desember 1905 deur Goewermentskennisgewing 1117 geskied het.

Op 6 Desember 1906 is Verantwoordelike Bestuur aan Transvaal toegestaan en generaal J.C. Smuts, toe Minister van Onderwys, se Onderwyswet No. 25 van 1907[10] is op 19 Augustus van dieselfde jaar deur die Parlement goedgekeur en in die Transvaalse Staatskoerant van 26 Augustus bekend gemaak en op 1 Oktober 1907 in werking gestel.

Hoewel hierdie wet van tyd tot tyd in kleiner besonderhede gewysig en aangevul is, is dit tans nog die wet wat die onderwys in Transvaal beheer.

> „Dit is een van die volledigste wette op die onderwys wat in die Transvaal nog ooit verskyn het. Die opstelling daarvan getuig dat 'n wetsgeleerde aan die roer van sake gestaan het: dit is presies, in wetlike terme opgestel, en laat geen twyfel oor die sin daarvan toe nie."[11]

Dis dan ook kragtens hierdie wet dat Adamson die onderwys in Transvaal gedurende sy dienstydperk van 19 jaar sou beheer.

10. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.
11. Ibid, 98.

## 2. ADAMSON EN DIE 1907-ONDERWYSWET.

Hoewel Adamson as Direkteur van Onderwys verantwoordelik was vir die vertolking en toepassing van die wet het hy tog ook persoonlike belang daarby gehad, omdat hy saam met generaal Smuts vir die opstelling daarvan verantwoordelik was.

> „Met verwysing na my eendersgenommerde brief van 10 Maart 1948 moet ek u meedeel dat Sir John Adamson 'n hand in die opstelling van die wet gehad het, en dat hy wel daarvan gehou het. Die wet van Generaal Smuts is selfstandig en onafhanklik van die vorige wet opgestel."[12]

Hierdie mede-verantwoordelikheid vir die nuwe onderwyswet kan moontlik een van die redes wees waarom Adamson verklarende omskrywings van die wet met soveel geduld en sorg in sy jaarverslae gegee het. Reeds in sy 1907-verslag,[13] waarin die teks ook opgeneem is, spreek hy onder 8 punte sy mening oor die wet uit om bepaalde beginsels wat nog onduidelik was te verklaar en besluit dan:

> "Generally, I think it is true to say that the Education Act of 1907 is in a real sense a Transvaal Act in that it reflects, as it should, the aspirations and traditions of the Transvaal people, and is, at the same time, a comprehensive statutory instrument which embodies the principles of a sound system of public education, and under which suitable and liberal educational opportunities may be given to all sections of the inhabitants of the Colony. It is, in a word, native, sound and liberal."[14]

Hierdie wet is egter so volledig opgestel dat hy vir die volgende kwarteeu behalwe amendemente of aanvullings geen verdere nuwe wetgewing voorsien het nie, hoewel bepaalde afdelings daarvan, wat onder andere betrekking

---

12. Smuts: Brief 15/3/48, No. P.S. 1769/48.
13. 2 tot 7 en 123 tot 158.
14. T.O.D. Jaarverslag 1907, 7.

gehad het op nie-blanke- en industriële-onderwys, vir geruime tyd nie prakties toegepas kon word nie:

> "The plant is capable of dealing with a greatly increased stock of material."[15]

Die vraag in hoeverre Adamson vir die kweking en ontwikkeling van hierdie „plant" verantwoordelik was en gedurende sy ampstermyn vorm daaraan gegee het, behoort 'n goeie verklaring van sy wetlike rentmeesterskap te gee.

3. ADAMSON EN DIE ONDERWYSVOORSIENING IN WET No. 25 VAN 1907.

Die feit dat Adamson as direkteur ervaring in die toepassing van die vorige twee onderwyswette[16] opgedoen het en dat hy mede-verantwoordelik was vir die opstelling van die wet, bied ons 'n moontlike verklaring aan vir die bewering:

> „Dit is in sy grondgedagtes 'n voortbouing op die beginsels van Lord Selborne, ....."[17]

Hoewel generaal Smuts verklaar het dat die wet „selfstandig en onafhanklik van die vorige wet opgestel" is, is dit tog duidelik dat daar steeds met die invloed van Adamson en sy Britse voorgangers rekening gehou moet word. Immers bly dit 'n feit dat generaal Smuts se eie bewering nie met die ware toedrag van sake ooreenstem nie: Sir G.H. Farrar van Boksburg-Oos het die Koloniale Sekretaris (Smuts) tydens die Onderwysdebat op 25 Junie 1907 soos volg gelukgewens:

> „Ik heb met de grootste belangstelling naar zijn (Smuts) toespraak geluisterd en hij sprak over de warmte van de vorige week. En ik herinner mij verleden week, en dit is 't wat indruk op mij maakte gedurende de bekwame aanspraak die hij voor het Huis heeft gemaakt: dat dit wetsontwerp

15. T.O.D. Jaarverslag, 1907, 2.
16. Sargant: Ordonnansie No. 7 van 1903.
    Selborne: Goewermentskennisgewing 1117 van 1905.
17. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.

> blijkbaar veel verschuldigd is aan het sisteem van onderwys dat gedurende de laatste vier jaar in dit land is tot stand gebracht. Dit is geen radikale verandering. Ik erken wel dat wijzigingen in de vroegere Onderwijswet noodzakelik waren geworden, en wijzigingen zijn gemaakt om de oudere bevolking te laten meedoen, om samenwerking tussen hen en het Goevernement tot stand te brengen."[18]

Dr. D. Macaulay (Denver) het nog verder as Farrar gegaan om die verband tussen die Smutswet en die ander onderwyswetgewings van die land aan te toon. Macaulay het hom soos volg uitgelaat:[19]

> „In de heldere en duidelike toespraak waarmede de achtb. de Koloniale Sekretaris de konseptwet inleidde, werd een ding weggelaten dat mij zeer speet, en ik ben er van verzekerd dat de achtb. heer het niet kwalik zal nemen, wanneer ik zijn aandacht er op vestig. Noch door de achtb. heer, noch in enige andere toespraak gehouden aan die zijde van het Huis, werd het grote en bescheiden werk erkend van het Onderwijs Departement in dit land, in de afgelopen vijf jaar, werk dat de weg baande voor het invoeren van deze maatregel. Voor iedereen die bekend is met de rapporten van het Onderwijs Departement moet dit in-het-oogvallend zijn. Zelfs wil ik buiten de grenzen van deze Kolonie gaan, en verwijzen naar het werk van het Onderwijs Dept. in de Oranje Rivier Kolonie. Sedert 1905 is er in die Kolonie met goede uitslag in werking een verordening, die feitelik al de maatregelen bevat, welke aan deze konsepwet ten grondslag liggen. Die verordening zorgt voor leerplicht, daardoor de Oranje Rivier Kolonie plaatsende voor al de andere Zuid-Afrikaanse Staten. Zij bevat voorzorgsmaatregelen voor de overdracht van macht, en bewerkte de opneming van de Christelijk Nasionale Scholen, de meest merkwaardige daad van de Regering, gedurende een merkwaardige tijdvak."[20]

18. De Transvaal Wetgewende Vergadering, Debatten, Eerste Zitting, Eerste Parlement, 1907, 439 tot 440.
19. 27 Junie 1907.
20. Wetgewende Vergadering, Debatten, Eerste Zitting, Eerste Parlement, 1907, 552 tot 553.

Was dit miskien nie ook 'n pragtige leidraad om dieselfde met die C.N.-skole in Transvaal te doen nie? Hierop het Smuts sy repliek gelewer:[21]

> „Men heeft mij geprezen, al te algemeen geprezen, om dit wetsontwerp. Het achtb. lid voor Denver zeide, met enig recht, dat ik had nagelaten om te wijzen op het werk dat mijn voorgangers gedaan hadden. Hij zeide dit terecht, aangezien het meeste werk in dit wetsontwerp is gevestigd op de voorstellen van mijn voorgangers. Ik heb slechts beproefd het verband te bevestigen, om de verschillende belangen in dit land te verbinden, en aldus voldoening te geven aan de verschillende delen der bevolking."[22]

Aldus het die agbare lede van die Huis en Smuts self die bewys gelewer dat Sargant en Selborne se onderwysverordeninge die basis was waarop die 1907-wet voortgebou is. Hierdie feit word ook gesteun deur artikels in „The Star" en „The Transvaal Leader."[23] Volgens die Britse grondslag waarop generaal Smuts se wet berus blyk dit dus dat hy reeds so vroeg soos 1907 met sy holistiese gedagtes prakties en aktief besig was.

## 4. ADAMSON EN DIE VERTOLKING EN TOEPASSING VAN DIE SMUTSWET.

In sy jaarverslae het Adamson dit voortdurend oor die een of ander gesigspunt van die onderwyswet gehad en om 'n deursnee-beeld van sy standpunt in verband met die vertolking en die praktiese toepassing van die Smutswet te vorm, moet 'n paar van sy belangrikste opvattings oor die taal- en die godsdiensvraagstuk onder die soeklig gestel word.

### (a) Die taalvraagstuk.

Nadat die Smutswet op 1 Oktober 1907 van krag geword het, het Adamson reeds op die 3e Oktober voorlopige

21. 27 Junie 1907.
22. Wetgewende Vergadering, Transvaal, Debatten, Eerste Zitting, Eerste Parlement, 1907, 584 tot 585.
23. 15/2/1907 en 11/2/1907.

wenke[24] in verband met die taalklousules aan die hand gedoen. Hierdie wenke was daarop bereken om taal as onderwysmedium sowel as die aanleer van die tweede taal as vak kragtens genoemde onderwyswet in die praktyk te toets.

> "..... the question of medium is subordinate to the question of educational progress and development of the pupil."[25]

Aan die einde van die proefperiode het die rapporte van onderwysers en inspekteurs van onderwys Adamson in staat gestel om sy standpunt in verband met die taalvraagstuk te formuleer.[26]

In Algemene Omsendbrief No. 1 van 1908 verklaar hy met nadruk dat nóg die politiek nóg die taal as sodanig ons uitsig moet vertroebel, aangesien die kind en sy ontwikkeling by uitstek ons enigste opvoedkundige doel behoort te wees. In die opsig is taal ons dienskneg en derhalwe moet die medium van onderrig die kind se opvoedkundige vooruitgang en ontwikkeling nie strem nie.

Verder moet die taalkennis van die skolier sy uitsig verbreed en bevorderlik wees vir sy omgang met anderssprekende persone.

> "It is in this spirit that you should endeavour to carry out the instructions which follow."[27]

Voorts lê die wet neer[28] dat elke skolier die Hollandse taal moet aanleer, tensy die ouer besware het. Dit was egter maklik om besware aan te teken en vrystelling te verkry.[29] Na voltooiing van die derde standerd was Engels as vak en as voertaal verpligtend.

Adamson was aanvanklik vol vertroue dat die algehele samewerking nie sou ontbreek nie:

---

24. Omsendbrief No. 44 van 1907.
25. Algemene Omsendbrief No. 1 van 1908.
26. Ibid.
27. Adamson: Algemene Omsendbrief van 1908.
28. 1907 Onderwyswet: seksie 32.
29. Ibid, seksie 33.

> "..... and am confident that it will be possible to carry out, both in the spirit and in the letter, the prescriptions regarding language which the Act lays down."[30]

Maar reeds in 1909 sou hy tot die besef kom dat die taalkwessie sy wortels diep in die volkslewe ingeskiet het en dat die twee volksdele die taalvraagstuk maar nie in kalmte kon bespreek nie.[31]

As opvoedkundige wysgeer was hy egter in staat om die vraagstuk in sy wese en omvang te begryp:

> "Language holds a place next to religion in the affections of a people."[32]

Hy het volmondig met die taalbesluite van die Skoolraadskonferensie van 1908 saamgestem dat dit van inspekteurs van onderwys verlang moet word om hulle inspeksies in beide tale te doen; dat die Hollands- en Engelssprekende leerkragte aan gelyke taaltoetse moet voldoen; dat die hoof van 'n skool die taal van die meerderheid van die leerlinge moet kan praat en dat daar by die bevordering van leerlinge rekening met die bevoegdheid in beide tale gehou moet word.

Hoewel die Direkteur in hierdie stadium die mening toegedaan was dat die bevolking met die taalreëlings tevrede sou wees, waarsku hy[33] tog teen die gevaar van 'n te haastige oordeel, aangesien die werking daarvan nie na 'n paar maande nie, maar wel eers na 'n minimum tydperk van ses jaar beoordeel kan word.

Hoewel onderwysinspekteurs met lof melding gemaak het van die geesdrif van die oorgrote meerderheid van leerlinge, onderwysers en ouers, meen hy tog dat taalonderwys te veel tyd in beslag neem, daar dit soveel as die helfte

---

30. Algemene Omsendbrief No. 1 van 1908.
31. T.O.D. Jaarverslag 1909, 23 tot 25.
32. Ibid, 23.
33. Ibid, 24.

van die beskikbare tyd op die lesroosters verg.

> "It is indeed a costly tribute even to so high and necessary an ideal as national unity."[34]

Die gevaar bestaan dat daar te veel klem op letterkundige oogmerke ten koste van ander fundamentele vereistes gelê kan word.

> "He must be sound in body; observant with ear, and hand, and eye; self-reliant in judgment; courteous, sympathetic, and just in feeling; high and resolute of purpose."[35]

Die oogmerk moet egter wees om taalonderrig in sy regte verband in die opvoedkundige sisteem te behou, want dan sal die taal as belangrike middel nie die hoogste en enigste doel wees nie, d.w.s. die welvaart van die een of die ander taal moet nie bo die welvaart en die ontwikkeling van die kind gestel word nie. Daarom is dit wenslik dat die taalwet selfs 'n mate van rekbaarheid in die voertaalklousules moet toelaat, veral daar die agterdog teen die wet reeds vir die afgelope twee-en-'n-half jaar iets van die verlede is. Die woorde „sover as moontlik" in die oorspronklike lesing van seksie 30 van die wet[36] behoort dus 'n wenslike verbetering te wees.

Nadat die wet vir 'n aantal jare in werking was, het hy gevind dat die benaming „native language"[37] ietwat misleidend was. Wat eintlik beoog was is aaneenskakeling van die taal wat die kind in sy huis praat en die voertaal van die skool, sodat daar reg aan die gees van die wet kon geskied, wat bepaal dat „proper educational development" in ag geneem moet word. Dis belangrik dat die onderwyser hierop ag sal slaan, want indien hy hier 'n foutiewe sleutel sou probeer is dit seker dat hy 'n geruime tyd op die

---

34. T.O.D. Jaarverslag 1909, 25.
35. Ibid, 26.
36. Ibid 1910, 57.
37. Ibid 1910, 57.

drumpel sal moet wag.. Hy sal klop, maar die deur toe vind omdat die medium foutief of onverstaanbaar is. Dit wil sê:

> "..... school instruction should begin through the same key or medium as has been fixing the ideas of the child at home. Thus it is the <u>language spoken at home</u> which should be the criterion of the introductory medium."[38]

Die voertaal voorsiening in die wet het drie groepe skole laat ontstaan:

(i) Engelsmediumskole - veral op die Rand en Pretoria.

(ii) Hollandsmediumskole - veral op die platteland.

(iii) Parallelmediumskole - veral op die plattelandse dorpe.

Oor die vraag of die kinders terwille van voertaal van mekaar geskei behoort te word is Adamson duidelik:

> "Forced segregation in the schools is opposed to unity in the nation."[39]

Vir hom sou 'n mate van rekbaarheid in die wet aanvanklik die gewenste oplossing wees:

> "Psychology undoubtedly demands that the language of the home should be the language of the school ....."[40]

altans vir 'n bepaalde tyd; daarna mag daar met vrug, kragtens die wet, meer en meer na Engels as voertaal oorgegaan word. Op die wyse word die kinders dan nie op die skoolbanke van mekaar geskei nie en is die moontlikhede van „National Unity" soveel groter.

Hoewel hierdie reëling tot 'n nasionale eenheid mag lei, bestaan die gevaar dat dit baie nadelig op die suiwerheid van die twee landstale kan inwerk, en daarteen sal gewaak moet word:

---

38. T.O.D. Jaarverslag 1910, 58.
39. Ibid, 59.
40. Ibid, 60.

> "It is impossible to establish a high standard of culture in and for the South African youth if the linguistic currency becomes debased. The ramnifications of language into the intellectual, aesthetic, and moral life of a people are far-reaching."41

Taalordonnansie No. 5 van 1911.

Hierdie taalordonnansie, ook bekend as die Rissik-ordonnansie, het sy ontstaan te danke aan die rapport van 'n komitee wat deur die Volksraad[42] aangestel is. In sy bespreking van die verslag toon Adamson aan dat die Smutswet daarin in hooftrekke geregverdig word.

Waar Ordonnansie No. 7 van 1903 van Sargant geen bepalings in sake die voertaal neergelê het nie, maar slegs die reg om Hollands as taal aan te leer, daar het die Selborne-minute van 1905 die belangrikheid van 'n deeglike kennis van Engels as taal beklemtoon, hoewel hy die beginsel van moedertaalonderwys in die aanvangsklasse voorgestaan en gemagtig het. Die Smutswet het sig hierby aangesluit want dit het neergelê dat die „native language" die verpligte aanvangsvoertaal moes wees.

Kragtens die Rissikordonnansie is die „native language" as die „huistaal" bepaal en moes dit die verpligte aanvangsvoertaal wees. 'n Tweede voertaal kon, indien verlang, deur die ouer gekies word.

Dit was egter verpligtend om onderwys in die huistaal sowel as in die tweede taal tot met standerd IV te ontvang, tensy vrystelling verkry is. Daarna kon die ouer sy keuse in sake die voertaal van sy kind laat geld.

In hoofsaak kom hierdie ordonnansie dus met die Smutswet ooreen, behalwe waar dit die verpligte onderwys van die Engelse taal aan Hollandse kinders herroep het.

---

41. T.O.D. Jaarverslag 1910, 62.
42. Ibid 1912, 5 tot 22.

Waar die Smutswet twee vakke[43] deur die ander voertaal voorgeskryf het, het hierdie ordonnansie die aantal vakke nie vasgestel nie. Wat die twee tale self betref is beide soos voorheen onderrig, met die verskil dat Engels- en Afrikaanssprekende ouers nou, wat vrystelling van die tweede taal verlang het, op gelyke voet gestel is.

In wese, so meen Adamson, is die beginsels waarop die Smuts- en Rissiktaalreëlings berus dus nie verskillend nie.

Om uitvoering aan die bepalinge van die ordonnansie te gee het Adamson met die samewerking van die onderwysinspekteurs en die onderwysers deur middel van vraelyste die huistaal van die kinders bepaal.[44] Die bepaling van die huistaal het egter meer moeilikheid opgelewer as wat aanvanklik verwag is, aangesien seksie 3 die huistaal as voertaal verpligtend gemaak het en seksie 8 bepaal het dat die keuse van die ouer finaal is.

Die toepassing van hierdie ordonnansie het die enkelmediumskole, wat reeds deur die vorige wet moontlik gemaak is, vinnig laat ontwikkel.

> "From the point of view of language, this is unquestionably a good thing."[45]

maar:

> "The ideal of English and Dutch children side by side on the same school benches has to be abandoned ....."[46]

Waar hy aan parallelklasse 'n gunstige plek in sy organisasie toegeken het,[47] daar was hy nie ten gunste van onderwys deur middel van twee voertale nie. Waar die skole op die platteland hoofsaaklik Hollands as voertaal

43. Seksie 32(2).
44. T.O.D. Jaarverslag 1912, 13 tot 14.
45. Ibid 1912, 15.
46. Ibid 1912, 16.
47. Ibid 1912, 16.

gebruik het, het hy die gevaar gesien dat daardie leerlinge tot hul eie nadeel nooit tweetalig sou wees nie. Om hierdie ongelukkige toestand te voorkom, het hy 'n sisteem van sentralisasie[48] van skole en die aanstelling van deeglik tweetalige leerkragte[49] aanbeveel.

Nieteenstaande al die organisatoriese moeilikhede het hy tog aan die welslae van hierdie ordonnansie geglo en dat die koste daaraan verbonde heeltemal geregverdigd sou wees:

> "..... under this Ordinance a satisfactory solution of the language problem in the schools can be found....."[50]

> "The extra cost will surely be far more than justified if the vexed language controversy can, under this Ordinance, be removed from the schools, and I am confident that it can."[51]

Nadat hierdie ordonnansie vier volle jare in werking was,[52] kon hy volgens skatting bepaal, dat die helfte van die skoolgaande leerlinge deur middel van Engels en die ander helfte deur middel van Hollands onderrig ontvang het, en hy sowel as die inspekteurs was die mening toegedaan dat die leerlinge se taalkennis op peil was. Hierdie toestand is deur tweetalige onderwysers, parallelklasse en -skole moontlik gemaak.

Die voertaalvraagstuk het egter steeds sy moeilikhede opgelewer en dis nogal opvallend dat Adamson se opvolger in sy eerste jaarverslag van ongerymdhede onder seksie 8 van die ordonnansie melding moes maak.[53]

(b) <u>Die Godsdiensonderwys</u>:

Die godsdienssin van die pioniervoortrekker van

48. T.O.D. Jaarverslag 1912, 18.
49. Ibid, 20.
50. Ibid, 21.
51. Ibid, 21.
52. Vanaf 12 Oktober 1911 tot 1915.
53. Scott: 1925, 17 tot 19.

die Transvaal het sy wortels in 'n trotse verlede gevoed. Dit is dus heel verstaanbaar waarom hulle verlang het dat die godsdiensonderwys van hul kinders suiwer en getrou ooreenkomstig die sedes en gewoontes van hul voorouers moes wees.

Die totstandkoming en ontwikkeling van die C.N.O.-skole na die Tweede Vryheidsoorlog was dus 'n heel natuurlike verloop van sake. Die Boere se vryheid was wel daarmee heen maar hulle gees was nog nie gebroke nie.

Toe Adamson die teuels as Direkteur van Onderwys van die Transvaalse Onderwysdepartement oorgeneem het, het hierdie selfstandige Christelike en Nasionale onderwysstelsel 'n bloeityd beleef.

In sy eerste jaarverslag[54] het hy dan ook van hierdie saak melding gemaak. Die drie oorsake wat nog aanleiding gegee het tot 'n vyandige houding tussen Boer en Brit was die gesentraliseerde onderwyskontrole van die hoofkantoor, die onderwysordonnansie met sy taalklousules[55] en die verwaarlosing van die godsdiensonderrig aan hul kinders in 'n staatskoolstelsel.

> "It is still said that there is no surety that Christian and God-fearing men and women will be appointed as teachers."[56]

Adamson het hierdie toedrag van sake as onverklaarbaar beskou:

> "It is hardly necessary to state that English people would not tolerate for a single day a non-religious or secular system of education."[57]

Hy het egter die volste vertroue dat die onderwysers(esse) nie slegs bekwaam genoeg was om godsdiens te onderrig nie

54. 1906, 8 tot 9.
55. 1903.
56. T.O.D. Jaarverslag 1906, 8.
57. Ibid, 9.

maar ook dat hul bevoeg genoeg was om die nodige godsdiens- en sedelesse 'n rol in die gees van die skool te laat speel. Om alle twyfel egter uit die weg te ruim beklemtoon hy:

> ". . . . . Bible teaching is a compulsory subject of the school code; that it is compulsory on every inspector to see that the day is, through Bible lessons, fittingly begun; and that for the training of our teachers it is laid down that they shall make themselves proficient in the art of propounding and illustrating the simple Bible truths and duties which the children can understand and appreciate. This religious test stands, and I hope it will ever stand, at the entrance to the teaching profession of this Colony."[58]

Hoewel twyfelaars na verloop van tyd en deur ervaring oortuig kon word, het hy gemeen dat hierdie vraagstuk deur 'n bestendige en onwrikbare gehegtheid aan 'n eerlike en liberale beleid tog opgelos kon word.

In 1907 het hy gerapporteer dat die C.N.O.-organisasie ten einde geloop het en:

> "They believed that the Dutch language and religion were endangered under the system of public education as it was then conceived."[59]

Hierdie opvatting het egter op 'n misverstand berus, wat deur bemiddeling van generaal J.C. Smuts, die Minister van Onderwys, en die belofte van Verantwoordelike Bestuur, uit die weg geruim is. In hierdie verslag maak hy voorts melding van die voorsiening wat vir godsdiensonderrig ingevolge die 1907 Onderwyswet[60] gemaak is, en spreek sy oortuiging uit dat die wet in beginsel gesond is en dat die uitvoering daarvan met gerustheid in die hande van die leerkragte gelaat kan word. Hy meen egter dat dit eintlik 'n eienaardigheid is dat 'n saak soos godsdiens deur wetgewing in 'n onderwysstelsel vasgelê moet word. Dit is tog

58. T.O.D. Jaarverslag, 1906, 9.
59. Ibid, 1907, 1.
60. Hoofstuk 7, item 34(1-7).

so vanselfsprekend en natuurlik dat die onderwys op 'n godsdienstige en nie-sektariese grondslag moet berus. In hierdie opsig staan Suid-Afrika egter nie alleen nie, want:

> "The religious question has crept into Education Acts all the world over because people are divided, first, as to whether the teaching of religion is in place in public schools at all; and then, if there is an agreement about its inclusion, because they are divided as to whether a place should be found in the system of public education for this and that interpretation of divine truth which the adherents of the various churches favour."[61]

In 1910 moes hy weereens op die kwessie van godsdiensonderwys[62] terugkom. Toe kon hy bevestig dat die wetsbepalinge selfs sonder wrywing in die skole uitgevoer word. In hierdie opsig het beide die Engelse en Hollandse kerke hul goeie gesindheid deur die daarstelling van 'n gesamentlike leerplan[63] getoon. Die inspekteurs van onderwys kon verder ook meld dat leerkragte hierdie leerplan met nougesette ywer uitvoer en dat geeneen van hulle om vrystelling van godsdiensonderrig aansoek gedoen het nie.

Tog was daar 'n gevaar van buite wat ware godsdiensonderwys nadelig kon beïnvloed. Dit het onder sy aandag gekom dat een van die kerke kragtens die begeerte van skoolouers nog steeds op dogmatiese godsdiensonderwys[64] aangedring het. Verder is daar ook van leerkragte verwag om hul kerkverband[65] aan skoolkomitees te openbaar wanneer hulle aansoek doen om betrekkings. Indien 'n onderwyser se godsdienstige opvattings egter 'n beslissende faktor by sy aanstelling sou wees, sou dit in stryd met die godsdiens-

---

61. T.O.D. Jaarverslag 1907, 4.
62. Ibid 1910, 55.
63. Ibid, 55.
64. Ibid, 55.
65. Skoolraadskonferensie, November 1909:
    Mosie XVI: Dogmatic Religious Instruction in Schools.
    Mosie XVII: Religious Tests for Applicants for Posts.
    T.O.D. Jaarverslag 1910, 243.

klousules van die wet wees. Hoewel 'n waarborg vir die nougesette uitvoering van die voorgeskrewe godsdiensonderwys noodsaaklik is, word hierdie waarborg tog enersyds deur die voorgeskrewe vereistes van die onderwyserseksamens en andersyds deur die onderwysinspekteurs se gereelde toesig oor die vak self verskaf.

> "Certainly I do not think that the statement of membership of any particular church, or of the acceptance of any particular body of doctrine, would necessarily be a proof that the Bible lessons of a teacher would be more truly religious."[66]

Nadat hy hom sowat vier jaar met hierdie netelige saak bemoei het, kon hy met voldoening meld:

> "It would seem that the problem of religious instruction in schools, ..... has been settled to the general satisfaction."[67]

5. WERKING VAN DIE WET.

(a) Die volk en die onderwyswet:

Alle onderwyswetgewing behoort die onderwys van 'n gemeenskap te beheer en die weg waarlangs die opvoedingsideaal verwesenlik kan word bepaal.

Die Smutswet het egter in werking getree op 'n tydstip toe die Transvaalse bevolking aan botsende skommelings onderhewig was. In die jare wat die Tweede Vryheidsoorlog voorafgegaan het, het hulle die vrugte van 'n eie en deeglike nasionale onderwys gepluk, want die Suid-Afrikaanse Republiek het geweet watter soort opvoeding vir die volk se kinders noodsaaklik was en die gemeenskap was daarmee vertroud en tevrede. Hierdie toestand en die toentertydse onderwyswet het die nasionale koers bepaal en aan die strewe en ideale van die volk beantwoord.

66. T.O.D. Jaarverslag 1910, 56.
67. Ibid, 1909, 23.

. Na die Tweede Vryheidsoorlog is hierdie nasionale rigting deur 'n vreemde en onnasionale beheer vervang. Hoewel die wapenstryd tussen Boer en Brit gestaak het, het die stryd tussen Imperialisme en C.N.O. op die slagveld van die opvoeding nog nie opgehou nie.

Die gematigde optrede van Lord Selborne en die verkryging van Verantwoordelike Regering het die Boere weer nuwe verwagtings laat koester en die Smutswet, wat op hierdie tydstip sy verskyning gemaak het, 'n beter ontvangs as wat andersins die geval sou gewees het, besorg.

Die nasionale volksdeel het dit as 'n eie volksgroei gesien, terwyl die Britse volksdeel hul eie hoop vir beïnvloeding gekoester het.[68] Tengevolge van hierdie uiteenlopende verwagtings is die praktiese uitwerking van die wet van groot belang.

Aanvanklik het generaal Smuts as Minister van Onderwys daarvoor gesorg dat die volk se vertroue in die wet verstewig word. Hy het die volk ingelig en grootliks daarin geslaag om die C.N.O.-volgelinge se vertroue te wen, want binne afsienbare tyd was staatsonderwys weer in die mode. Hierby moet gevoeg word dat Adamson die wet in 'n vereenvoudigde vorm in sy jaarverslae, omsendbriewe, ens. onder die aandag van plaaslike besture en die onderwysers (esse) gebring het. Dit was sy ideaal dat daar geen misverstand omtrent die vertolking van die wet moes wees nie.[69]

(b) <u>Die ontvangs van die wet</u>.

Die Smutswet is een van die volledigste wette op die onderwys wat in die Transvaal nog ooit verskyn het. Dit is in presiese, wetlike benaminge opgestel en dit laat

68. Bot: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, 89.
69. Algemene Omsendbrief No. 1 van 1908.

geen twyfel oor die sin en betekenis daarvan nie. As wet is dit dan ook deur baie mense hartlik verwelkom, hoewel 'n kleiner groep dit hartstogtelik bestry het. Die besware van die teenstanders berus op die feit dat die wet in sy grondgedagtes 'n voortbouing op die beginsels van Lord Selborne is en dat dit die Britse onderwysbeginsel ten koste van die Afrikaanse gedagte van C.N.O. handhaaf.[70]

Die Vereniging van Onderwysers(esse) in Suid-Afrika het hul standpunt soos volg gestel:

> „Niet ons Ideaal, maar een grote stap in de goede richting...."[71]

Van gereformeerde kant[72] is ewe-eens heftig beswaar gemaak teen die wet op grond van die verontagsaming van moedertaalonderrig, nie-dogmatiese godsdiensonderwys en die skynseggingskap by die benoeming van onderwysers.

In 1908 het Adamson oor die toepassing van hierdie taalwetgewing[73] gerapporteer. Volgens hom word die doeltreffendheid van 'n skool bepaal deur die wyse waarop taalmoeilikhede opgelos word. Hy het volgens die voertaalvraagstuk die volgende groepe skole onderskei:

(i) Plattelandse skole met Hollands as voertaal in die aanvangsklasse maar wat gaandeweg deur Engels as voertaal vervang word.

(ii) Skole op die Rand en in Pretoria waar die voertaal hoofsaaklik Engels is en Hollands gaandeweg as taal aangeleer word.

(iii) Skole op plattelandse dorpe waar tengevolge van verskeie nasionaliteite ander reëlings in verband met die voertaal noodwendig getref word.

Hy was oortuig dat baie goeie vooruitgang gemaak is en hy was veral bly omdat vrystellings van die aanleer van Hollands deur byna geen ouer aangevra is nie en dat daar geen klagte in verband met die voertaalvraagstuk van

70. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.
71. Klooster: Voorsittersrede, 10e Jaarkongres.
72. Lion Cachet: Het Kerkblad, 1 Mei 1907.
73. T.O.D. Jaarverslag 1908, 26 tot 27.

minderhede was nie. Hy het dan ook gemeen dat die voorskrifte bevat in die omsendbrief oor voertaal[74] as regulasies beskou moes word.

In 1909[75] het Adamson hom uitgelaat oor die wyse waarop verteenwoordigers van die volk in Suid-Afrika hierdie vraagstuk bespreek:

> "Language holds a place next to religion in the affections of a people."[76]

Vir diegene wat die vraagstuk in kalmte benader is dit egter duidelik dat die vordering bevredigend is:

> "It cannot be denied, I think, that the chapter of the Act dealing with language rests, as it should rest, on an educational basis. 'The educational progress and development' of the pupils ..... is to be the touchstone in medium questions......"[77]

(c) Wysigingswetgewing.

Toe Adamson die onderwyswet in sy jaarverslag[78] bespreek het, was hy oortuig dat verdere onderwyswetgewing vir baie jare nie nodig sou wees nie.

> "The comprehensiveness of the Act is worthy of note. As far as one can foresee, all the legislation which will be required during the next quarter of a century will be amending or extending legislation."[79]

Na die inwerkingtreding van die onderwyswet moes hy toesien dat alle voorskrifte behoorlik uitgevoer word en dat die nodige regulasies[80] in verband met die twaalf

---

74. Algemene Omsendbrief No. 1 van 1908.
75. T.O.D. Jaarverslag 1909, 23.
76. Ibid, 23.
77. Ibid, 23.
78. Ibid, 1907.
79. Ibid, 2.
80. Handboek van Onderwyswetten, 49 tot 117.

hoofrigtings[81] waarvoor die wet voorsiening gemaak het, opgestel en uitgevoer is. Dis egter duidelik dat dit slegs in die loop van 'n aantal jare kon geskied en dat die werklike toepassing van die wet getoets moes word om moontlike leemtes aan die lig te bring.

> "During the first few years of occupancy of my present post, my attention was almost fully occupied with initial organization. This was particularly true of the time ..... of inauguration of the Smuts Act. The position is now different. Organization is now fairly complete, ..... regulations covering much of the field of educational activity are in operation ....."[82]

Die eerste wysiging is na 'n jaar aangebring. Hoofstuk 9 van die wet wat vir die plaaslike bestuur van skole voorsiening gemaak het, is gewysig deur wysigingswet No. 28 van 1908 wat handel oor (i) 'n skooldistrik, (ii) die verkiesing van 'n skoolkomitee vir 'n openbare skool en (iii) die lidmaatskap van so 'n skoolkomitee. In die daaropvolgende jaar is ondervind dat verdere wysigings deur wysigingswet No. 3 van 1909 aangebring moes word:

(i) Die mag van die Minister van Onderwys is uitgebrei om losieshuise te onderhou sowel as op te rig.[83]

(ii) Aan skoolrade is mag verleen om ook hul eie vervoerskemas van en na skool in die lewe te roep om vervoerkontrakte aan te gaan.[84]

---

81. Sentrale Kontrole van Publieke Onderwys. Hoofstuk 1.
Onderwysraad. Hoofstuk 2.
Laeronderwys vir Blanke Kinders. Hoofstuk 3.
Hoëronderwys vir Blanke Persone. Hoofstuk 4.
Skole, Klasse en Inrigtings vir Kleurlingkinders en Persone. Hoofstuk 5.
Taalonderwys. Hoofstuk 6.
Godsdiensonderwys. Hoofstuk 7.
Private Skole. Hoofstuk 8.
Plaaslike Bestuur van Skole. Hoofstuk 9.
Die Onderwyspersoneel. Hoofstuk 10.
Finansies. Hoofstuk 11.
Algemeen en Oraloor. Hoofstuk 12.
82. T.O.D. Jaarverslag 1911, 6.
83. Hoofstuk 1, 5(a) van die 1907 Onderwyswet.
84. Hoofstuk 9(C), Magte en Pligte van Skoolrade.

(iii) Skooldistrikte is andermaal omskryf.[85]

(iv) Aan die Minister van Onderwys is mag verleen om verdere regulasies in verband met skoolkomitees op te stel.[86]

Hierdie wysigingswetgewing het voorts aan skoolrade die mag verleen om gebiede, wat deur 'n bepaalde skool bedien moes word, af te baken. Die direkteur is gemagtig om onderwysers vir langer as drie maande in tydelike hoedanigheid aan te stel.[87]

In verband met die geldelike verantwoordelikheid van die Transvaalse Onderwysdepartement is bepaal dat die Direkteur van Onderwys nie noodwendig die enigste verslaggewende amptenaar hoef te wees nie maar dat hy enige ander amptenaar daarmee kan belas.

Kragtens artikel 85(iii) van die Suid-Afrika-wet van 1910 sou die provinsiale owerhede alle onderwys, met die uitsondering van hoëronderwys, vir 'n tydperk van vyf jaar beheer en ingevolge die goedkeuring van die Unie Parlement ook daarna. Alle ordonnansies van die provinsiale owerheid moes egter deur die Unie-regering bekragtig word. Hierdie oorgang onder die leiding van „Die Publieke Diens Reorganisasie Kommissie," het geen moeilikhede opgelewer nie.

Nadat die Smutswet vir vyf jaar in werking was het verdere wysigings[88] gevolg:-

(i) Die Onderwysraad.[89]

Die voortbestaan van die Onderwysraad het in 1910 in die gedrang gekom, omdat sy magte deur die pas aangestelde Uitvoerende Komitee oorgeneem is. Omdat verskeie skoolrade sowel as lede van die Provinsiale Raad egter ten

85. Hoofstuk 9, 38(1).
86. Hoofstuk 9(D), Skoolkomitees.
87. Hoofstuk 10, seksie 79.
88. Ordonnansie No. 7 van 1912.
89. No. 25 van 1907, Hoofstuk 11.

gunste van sy voortbestaan was, is daar besluit om hierdie liggaam met 'n gewysigde grondwet te behou. Voortaan sou daar onder andere geen amptenaar van die Transvaalse Onderwysdepartement behalwe die Direkteur van Onderwys daarop sitting hê nie. Verder is die magte van die Onderwysraad soos volg gewysig:[90]

(i) Die begroting sou voortaan deur die Uitvoerende Komitee en nie deur die Onderwysraad opgestel word nie.

(ii) Die ordonnansie[91] het die magte van die Onderwysraad verder soos volg neergelê:

> ".....""to consider and make recommendations to the Administrator upon any matter connected with the educational needs of this Province, special regard being given to the suitability of the curricula to the agricultural, commercial, and industrial conditions of the Province."[92]

Hierdeur is die Onderwysraad omskep tot 'n staande kommissie, wat sy aandag aan feitlik alle vertakkinge van die onderwys moes bestee.

(iii) Hierdie Raad kon toe,in teëstelling met sy magte kragtens die Smutswet, feitlik enige ondersoek instel en deurvoer.

Voortaan moes die Onderwysraad jaarliks 'n rapport oor sy werksaamhede indien.

(ii) <u>Verpligte onderwys</u>.[93]

Genoemde wysigingsordonnansie het verder die ouderdomsgrens van verpligte skoolbesoek van 14 tot 15 jaar en die skoolstanderd van IV tot V verhoog. Voorts is die Smutswet in die geval van leerlinge, wat verkies het om op skool te bly na bereiking van die ouderdomsgrens of voltooiing van standerd V so gewysig, dat sodanige kinders verplig is om gereeld op skool te wees.

---

90. T.O.D. Jaarverslag 1912, 22 tot 24.
91. No. 7 van 1912.
92. T.O.D. Jaarverslag 1912, 24.
93. No. 25 van 1907. Hoofstuk 3, item 19(1) en (2).

> "Unquestionably these amendments of the compulsory clauses represent a decided advance."[94]

(iii) <u>Die aanstelling van onderwysers</u>.

Die derde wysiging het skoolrade verplig om ten minste die name van twee opgeleide persone wat aansoek doen om vakante betrekkings, indien die aantal dit regverdig, aan die Departement voor te lê vir vaste aanstelling. Voorheen het skoolrade slegs een persoon, wat nie altyd aan die nodige vereistes voldoen het nie, aanbeveel. Die verwagting was dat hierdie wysiging permanente aanstellings sou bespoedig.

Voorts is die mag aan die direkteur verleen om permanente onderwysers(esse) na gelang van die eise van die diens te verplaas. Adamson het so 'n reëling as noodsaaklik geag maar,

> "It is clear that this power of transfer ought not to be exercised save in exceptional cases; otherwise a cardinal principle of the Smuts Act, viz., that boards and committees should have a voice in the selection of teachers, would be violated."[95]

(iv) <u>Toelaes aan ondersteunde plaasskole</u>.[96]

Die wysiging het hierdie soort skole soos volg begunstig:

(i) Voorheen is tien ingeskrewe leerlinge vereis om op die toelae geregtig te wees. Voortaan kon die toelae verkry word as daar 'n redelike vooruitsig vir tien leerlinge op die rol was.

(ii) Die sesmyl-vereiste is opgehef en in die plek daarvan kon plaaslike omstandighede in aanmerking geneem word.

(iii) 'n Eerste toelae sou voortaan toegeken word nog voordat 'n inspekteur van onderwys 'n rapport oor die geval gelewer het. Hoewel 'n tweede toelae nog van so 'n rapport afhanklik was, het hierdie reëling tog die toekenning van toelaes bespoedig, aangesien die leerlinge voorheen van voorregte ontsê was terwyl daar op die rapport gewag moes word.

94. T.O.D. Jaarverslag 1912, 25.
95. Ibid, 26.
96. No. 25 van 1907, Hoofstuk 3, item 17.

(v) <u>Ampsdraers van skoolrade.</u>[97]

Die vyfde wysiging het in verband met sekretarisse, skoolbesoekbeamptes en klerikale hulp aan skoolrade gestaan. Waar die dienstyd van hierdie amptenare voorheen saam met die ampstermyn van skoolraadslede beëindig is, het die nuwe wysiging 'n permanente dienskontrak aangebied. Voortaan sou onbevredigende diens die enigste rede tot ontslag van so 'n amptenaar wees. Dit het die skakel tussen uitgaande en inkomende skoolrade versterk en die vaste dienskontrak het die amptenare met vertroue vervul.

(vi) <u>Skooldistrikte.</u>[98]

Die prosedure om skooldistrikte te bepaal is vereenvoudig.

Dit was die vernaamste wysigings wat deur Ordonnansie No. 7 van 1912 aangebring is.

(vii) <u>Gratis onderwys.</u>[99]

Terwyl die onderwyswet van 1907 vir gratis laeronderwys, behalwe onder bepaalde omstandighede, voorsiening gemaak het, het Wysigingsordonnansie No. 7 van 1914 bepaal dat ook middelbare[100] onderwys gratis sou wees.

Waar eersgenoemde wet gratis laeronderwys op grond van volksveiligheid, beter burgerskap en demokratiese regte voorgeskryf het, daar het hierdie wysigingsordonnansie middelbare onderwys hoofsaaklik op grond van persoonlike en beroepskundige bevoordeling voorgeskryf. Tog het Adamson gemeen dat 'n verdere tweejarige opleiding na standerd VI ook op sedelike en intellektuele gronde geregverdig kon word.

---

97. No. 25 van 1907, Hoofstuk 9, No. 54(1,2,3.)en Hoofstuk 3, No. 21.
98. No. 25 van 1907, Hoofstuk 9, No. 38.
99. No. 25 van 1907, Hoofstuk 3, No. 18(1).
100. No. 25 van 1907, Hoofstuk 3, No. 18(1) en (2)(c),(d).

> "With a view both to intellectual and practical efficiency and to moral stability, the school life of the majority must be lengthened."[101]

(viii) Verpligte skoolbesoek[102] en toelae aan private skole.

Ordonnansie No. 16 van 1916 het die grense van verpligte skoolbesoek, wat deur proklamasie vir enige gebied of skooldistrik ingestel kon word, verder opgeskuif. Voortaan sou die grense 16 jaar en standerd VI wees. Verder is daar ook bepaal dat voorsettingsklasse onder die verpligtingsklousule sou val.

Wat die toelae aan private skole[103] betref het hierdie ordonnansie 'n nuwe rigting ingeslaan en aan die staatsondersteunde skole 'n wettige voortbestaan verseker. Die maksimum toelae wat deur die staat toegestaan is, was aan bepaalde beperkings onderhewig.

Indien hierdie soort skole staatsteun geniet en aan die vereistes van staatsonderwys voldoen het is sodanige uitgawes as geregverdig beskou, en as dit 'n geleentheid wou skep om van die staatstelsel weg te breek as ongeregverdig.[104] Derhalwe is deeglike ondersoek na elke geval ingestel alvorens staatstoelae toegeken is.

6. TRANSVAALSE ONDERWYSERSPENSIOENORDONNANSIE.[105]

> "It may be noted ..... that one of the most powerful factors in raising the professional status of teachers would be the passing of a Pensions Ordinance. Such an Ordinance was introduced into the Provincial Assembly more than a year ago. It reached the stage of reference to a Select Committee, but so far has not got beyond it."[106]

101. T.O.D. Jaarverslag 1916, 12.
102. No. 25 van 1907, Hoofstuk 3, No. 19.
103. Ordonnansie No. 16 van 1916 (9).
104. Adamson onthou natuurlik nog die C.N.O.-stelsel na die Tweede Vryheidsoorlog.
105. Ordonnansie No. 5 van 1916.
106. T.O.D. Jaarverslag 1914, 28.

Eers op 29 Junie 1916 kon die Onderwyserspensioeneordonnansie[107] in werking gestel word. Dis 'n omvattende ordonnansie van 37 artikels en dit is deur Adamson toegejuig:

> "The Pensions Ordinance realizes legitimate and long-existing aspirations of the teaching staff, and gives effect to a recommendation constantly urged by the Department. The grant of pension rights implies full recognition of teachers as public servants."[108]

7. <u>REGULASIES</u>.

Onderwys in die Transvaal word deur die volgende beheer:

(a) <u>Onderwyswette</u>.

Dit is wette wat deur die Transvaalse regering tot en met 1910 geproklameer is en Uniale wetgewing wat na 1910 op die vier provinsies van toepassing was.

(b) <u>Ordonnansies</u>.

Dit is wetgewende voorsiening wat deur die Milner regíme en daarna deur die Provinsiale Raad sedert 1910 in Transvaal gemaak is.

(c) <u>Regulasies</u>.

Kragtens artikel 90 van die Smutswet is aan die Minister van Onderwys mag verleen om regulasies op te stel, te wysig en te herroep, sodat die onderwyswet doeltreffend toegepas kon word. Hierdie regulasies kon met die oog op verdere doeltreffendheid deur 'n aantal departementele regulasies aangevul word.

(d) <u>Instruksies en wenke</u>.

Hierdie voorligting word in verband met ander sake deur die Onderwysdepartement verstrek. Dit wil sê

---

107. Raadpleeg: Handboek van Onderwyswetten met Regulaties, Bepalingen en Voorschriften, 1922, 32.
108. T.O.D. Jaarverslag 1916, 38.

wette word deur die Sentrale Regering geproklameer, ordonnansies deur die Provinsiale Regering uitgevaardig en regulasies deur die Provinsiale Onderwysdepartement opgestel. Instruksies en wenke word ewe-eens deur die Onderwysdepartement of sy daartoe gemagtigde verteenwoordigers gegee.

> "It will be remembered that all regulations made under the Act must be considered by the Council before they are adopted by the Minister."[109]

Die veld wat deur die regulasies gedek moes word was uit die aard van die saak wyd en nooit allesomvattend nie. Eerstens moes die bestaande regulasies hersien en met die wet in ooreenstemming gebring word. Die regulasies wat nie met die wet in stryd was nie moes aanvaar en verdere aanvullende regulasies opgestel word om aan die vereistes van die wet te voldoen. Tweedens is enige onderwyssisteem veelal soos 'n lewende groeiende organisme wat steeds nuwe terreine betree en nuwe maatreëls vereis.

In die wetgewende voorsiening kan daar drie groepe onderskei word:

(i) Algemene regulasies.
(ii) Departementele regulasies.
(iii) Instruksies en wenke.

Algemene regulasies beheer onder andere plaaslike besture,[111] werknemers,[112] administrasie[113] en geldelike sake.[114]

Die departementele regulasies beheer onder andere die indeling en personeel van skole, verlof, sluiting van skole, skoolvakansies en reis- en verblyfkoste van raadslede, plaaslike besture en onderwysers(esse).

109. T.O.D. Jaarverslag 1909, 10.
110. Handboek van Onderwyswetten....., 70-120, 121-129, 131-142.
111. Skoolkomitees, skoolrade, beherende liggame.
112. Amptenare van skoolrade en onderwysers(esse).
113. Meubels, geboue, biblioteke, leerlinge - straf en skorsing. Aansteeklike siektes. Voortsettingsklas e.a.
114. Skoolgelde, subsidië, beurse, plaaslike liggame en die beheer van gelde.

Die instruksies en wenke beheer onder andere verpligte onderwys, voorsiening van onderwys,[115] opleiding van leerkragte, korrespondensie en state.

Hierbenewens is daar nog ander regulasies wat betrekking het op sake soos nie-blanke onderwys, eksamens, leerplanne, koshuise, ens.

8. PLAASLIKE BESTURE.

Die oorsprong van Adviserende Skoolkomitees vir bepaalde Randse en Pretoriase skole dagteken vanaf 1903[116] om die werk van die Departement van Onderwys te vergemaklik. Hieruit het later die huidige plaaslike skoolbesture ontwikkel.

In 1905[117] het Lord Selborne, wat die skoolkomitees baie werklustig en nuttig bevind het, ook Adviserende Skoolrade in die lewe geroep. Voortaan sou dit die taak van hierdie plaaslike liggame wees om kragtens die betrokke regulasies[118] die Departement van advies en hulp in verband met plaaslike aangeleenthede te bedien. Deur die flinke optrede van hierdie liggame kon die Departement dus gedurig met die ouers, hul omstandighede en begeertes in noue voeling bly. Adamson het die werk van die Adviserende Skoolrade onder andere deur persoonlike besoeke en rapporte van die inspekteurs van naby geken en hy was oortuig van die waardevolle dienste wat hulle gelewer het in verband met skoolgeboue, uitrusting en skoolbeurse. Hierby was die verhouding tussen die Departement en die Rade en tussen die Inspekteurs en die Rade baie gesond.

115. Algemene bepalinge, oprigting van skoolgeboue, herstel en verandering van skoolgeboue, benodigdhede vir skole en skoolgeboue: diwerse:
116. Goewernmentskennisgewing No. 860 van 1903 en seksie No. 8 van Ordonnansie No. 7 van 1903.
117. Goewernmentskennisgewing No. 1117 van 1905 - Sien T.O.D. Jaarverslag 1906, 17 tot 18.
118. T.O.D. Jaarverslag 1906, 157 tot 162.

> "..... the board has proved to be a most valuable addition to the departmental machinery."[119]

Die werksaamhede van die skoolkomitees het egter heelwat te wense oorgelaat. Dit was moeilik om die gewenste komiteelede te verkry en hul kennis van die doel van die openbare onderwys was in die reël beperk. Adamson was dán ook die mening toegedaan dat die Departement sonder hulle dienste[120] kon klaarkom.

Die Onderwyswet van 1907 het die bestaan van plaaslike beheer bekragtig,[121] en Adamson het andermaal melding gemaak van die waarde van hierdie rade:

> "I have myself been present at the meetings of twelve of them in various parts of the Colony, and should have met the remaining twelve, but for the fact that I was unable to leave headquarters while the Education Act was being prepared during the first half of 1906."[122]

Hierdie nuwe rade was nie selfstandige liggame wat belastings kon hef en 'n beleid kon voorskryf anders dan in ooreenstemming met die wet nie:

> "..... that of a representative, adviser, and, with regard to certain funds, local administrator of the central department."[123]

Seksie 58 bepaal die verhouding tussen die raad en die departement en omskryf die pligte van die skoolrade wat die inspekteur van onderwys as hul tegniese raadgewer moes beskou. Seksie 59 het volmag aan skoolrade verleen om sentralisasie van skole te beheer en dit was 'n bewys van die vertroue wat in die liggame gestel is. Die onderhoud van skole was egter hul belangrikste plig. Adamson was 'n voorstander van die sentralisasie van skole omdat

---

119. T.O.D. Jaarverslag 1907, 11.
120. Ibid 1911, 15.
121. Hoofstuk 9, items 38 tot 73.
122. T.O.D. Jaarverslag 1907, 11.
123. Ibid 1908, 11.

die kinders daardeur na die skool gebring word en nie die skool na die kinders toe nie.

> "I must once more record ..... the advantages. The great one is in respect of classification. The difference between the school where the pupils are divided into three and each teacher takes his third, and the school where the teacher is divided into three and each group takes its third, is a difference between order and chaos, between a competency and a hand-to-mouth existence."[124]

Daarom het Wysigingswet No. 3 van 1907 skoolrade gemagtig om hul eie vervoerskemas in te stel. Dit sowel as die oprigting van koshuise het die sentralisasieskema bevorder maar het ook die donkiekar op die skoolpaaie van die Transvaal meegebring. Teen die einde van 1909 het die direkteur egter gerapporteer dat daar heelwat in die opsig uitgevoer is.

In September 1908 het die nuwe skoolrade hul eerste driedaagse konferensie[125] gehou en die onderwysveld is feitelik in sy geheel deur hul besprekings en besluite gedek.

Die skoolrade was in werklikheid die Departement van Onderwys,wat alle besluite moes goedkeur of bekragtig, se plaaslike verteenwoordigers:

> "Ultimate control lies necessarily with the purse."[126]

Hierdie reëling was noodsaaklik in 'n provinsie soos die Transvaal waar die verdeling van rykdomme so verskillend was, soos byvoorbeeld op die Rand en in die Waterbergse distrik. Dit sou ook nie bevorderlik wees nie vir die ontwikkeling van 'n nasionale onderwyssisteem, waarvolgens die leerkragte staatsamptenare is.

---

124. T.O.D. Jaarverslag 1910, 21 tot 22.
125. T.O.D. Jaarverslag 1909, 167 tot 177. Die konferensie was deur Adamson (voorsitter) belê.
126. T.O.D. Jaarverslag 1910, 13.

Tengevolge van sy besondere historiese agtergrond sou 'n burokratiese beheer in hierdie land egter nooit geduld kon word nie.

> "It is contrary to the genius of the people. They must be consulted with regard to their schools and their teachers."[127]

Die verhouding tussen die skoolrade en die verskillende skoolkomitees was dikwels wrywend,[128] aangesien eersgenoemde gewoonlik die vetoreg op oningeligte vertoë moes toepas. As ons die uitvoerige werksaamhede van plaaslike besture kragtens die onderwyswet nagaan, blyk dit dat seksie 57 bepaalde inrigtings van skoolraadstoesig uitgesluit het, byvoorbeeld middelbare skole, normaalskole en die Transvaalse Universiteitskollege. Hierdie reëling moes volgens Adamson, voortduur veral omdat die skoolrade reeds voldoende pligte gehad het om te behartig. Daar was egter vir hom geen rede wat die voortbestaan van skoolkomitees regverdig het nie:

> "The sooner we reach the day when the Board is the only local authority for primary schools, the better for the system of education of the Province."[129]

Nogtans het die skoolkomitees hulle gedurig om 'n hoër status en meer magte beywer en die lede van hierdie liggame was werklik ontevrede, nogtans was Adamson se standpunt omtrent hulle baie duidelik:

> "Clearly, however, responsibility must rest with the school board on all more important matters, and the views of the board must prevail."[130]

Dit is dus verstaanbaar waarom Adamson bedenkings teen die aanbeveling van die Onderwyskommissie[131] gekoester het, dat

127. T.O.D. Jaarverslag 1910, 13.
128. Ibid 1911, 15.
129. Ibid 1910, 19.
130. Ibid 1911, 15.
131. Algemene Kennisgewing No. 416 van 21 Desember 1917. „Malherbe Rapport."

aansoeke om vakante betrekkings aan die skoolkommissies gerig moes word, dat hulle die name van die onderwysers (esse) vir aanstelling aan die Departement moes voorlê en dat die skoolrade slegs kommentaar aan die Departement moes lewer.

Adamson het gemeen dat die aanstelling van onderwysers(esse) kragtens seksie 57 gewysig behoort te word. Soos die wet dit bepaal,[132] is dit onversoenbaar met enige sistematiese skema van bevordering, omdat dit wisselvallig is en groot nadele inhou.

'n Verdere aanbeveling van die Kommissie dat hoërskole deur skoolrade in plaas van beherende liggame beheer moes word, het hy ewe-eens as te ingrypend beskou, veral daar die beherende liggame voorheen verdienstelike werk gedoen het.

> "Their work is reflected throughout the report. In connection with the establishment and equipment of schools, the appointment of teachers, the selection of primary and secondary school bursars, and the carrying out of the compulsory attendance provisions of the law, they exercise vitally important functions."[133]

Adamson se invloed het dan seker ook daartoe bygedra dat hierdie aanbevelings van die Onderwyskommissie nie aanvaar is nie.

Onder sy bekwame leiding het die verhouding tussen die plaaslike besture en die Departement dermate verbeter dat die plaaslike besture die Departement vir sy beleefde houding en leiding bedank het.[134]

> "There is no doubt that the Province is fortunate in having a large number of public-spirited men prepared to sacrifice time and attention in the cause of public education, and there is no doubt

132. T.O.D. Jaarverslag 1912, 21 tot 24.
133. Ibid 1921, 19.
134. Ibid 1921, 19.

> that these bodies do form a valuable link between the Department on the one hand and the parents and public on the other."[135]

In seksie 29 van die wet kom die kwessie van apartheid tussen blanke en kleurlingkinders ter sprake. Die beginsel is as kerngesond aanvaar en die publiek het getoon dat hulle dit verwelkom het. Skoolrade het egter heelwat moeilikheid ondervind om in twyfelagtige gevalle te beslis.

9. GRATIS ONDERWYS.

(a) Laeronderwys.

Dit kan nie van die onderwyser verwag word om persoonlikhede te skep nie, maar wel om vorm te gee aan die materiaal wat in sy hande gestel word en dis die plig van die staat om ook sy deel tot hierdie vorming by te dra.

Dat die maghebbers in die Transvaal aan hierdie vorming geglo het, kan nie betwyfel word nie. Onderwys, veral laeronderwys, moes kosteloos en binne die bereik van almal geplaas word.

Die Milner regering het onder bepaalde voorwaardes[136] gratis onderwys aan alle leerlinge verskaf. Onder die vorige regering[137] moes die meer gegoede gesinne skoolgeld betaal, terwyl gratis onderwys slegs aan die behoeftigste gevalle verskaf is. Die Lt.-Goewerneur het die heffing van skoolgelde egter as bevorderlik vir die onderwys beskou.

> "In considering the financial aspect of the question I take it for granted that the policy of free primary education will be retained in the Colony."[138]

135. T.O.D. Jaarverslag 1921, 19 tot 20.
136. Ordonnansie No. 7 van 1903, 2.
137. Suid-Afrikaanse Republiek.
138. T.O.D. Jaarverslag 1906, 2.

Dit is in 1906 ook deur Adamson onderskryf.[139] Hy was bepaald ten gunste van gratis onderwys op laerskole.[140]

> "The ideal would be that all public primary schools should be free. The question is not so much a question of economy as a question of a democratic and consistent system."[141]

Die Smutswet het gratis staatsonderwys in beginsel aanvaar en dit gewaarborg,[142] hoewel die nodige plaasruimte tengevolge van die onontwikkelde toestand van die provinsie nog ontbreek het. Waar die Rand en Pretoria hoofsaaklik 'n tekort aan skoolgeboue ondervind het, daar moes op die plattelandse dorpe skoolgeboue sowel as koshuise opgerig word, terwyl die plattelandse gebiede nie alleen 'n behoefte aan skoolgeboue nie maar ook aan vervoerstelsels gehad het. Gevolglik moes die Departement kragtens die wet[143] 'n stelsel van losies- en vervoerbeurse in die lewe roep. Inderwaarheid was 7% van die plattelandse skole weens die verspreidheid van die bevolking een-man skole wat nie in die werklike behoeftes van die onderwys kon voorsien nie. Daar moes dus gekies word tussen 'n sametrekking en 'n verspreiding van onderwysgeriewe.

> "The former policy makes efficiency in country schools possible; the latter makes it impossible."[144]

Die gesentraliseerde skool kon noodwendig meer onderwysgeriewe en moontlikhede aanbied as die kleiner eenman skool want:

> "..... it tends to become worse instead of better, ....."[145]

139. T.O.D. Jaarverslag 1906, 120.
140. Diagram: T.O.D. Jaarverslag 1906, 272.
141. T.O.D. Jaarverslag 1906, 120.
142. Wet No. 25 van 1907, 18.
143. No. 25 van 1907, 6.
144. T.O.D. Jaarverslag 1908, 13.
145. Ibid 1909, 5.

In 1906, by die indienstreding van Adamson, het die staatsuitgawe aan vervoer- en losiesbeurse £11,202 jaarliks bedra en in 1923, toe hy uit die diens getree het, het dit reeds tot £122,566 gestyg.

Die tevredenheid met gratis onderwys word ook weerspieël in die skoolbesoek wat reeds vanaf 'n vroeë stadium in die Adamson-tydperk baie bevredigend was, veral op die platteland, in weerwil van ongerieflike aardrykskundige toestande soos donderstorms, vol riviere, koue winde, slegte verkeersweë, ongerieflike vervoermiddels, lang afstande en die eise wat aan die ouers van die kinders gestel is. In die geval van vervoer was hulle bekommerd oor die veiligheid van hul kinders, terwyl die sentrale skool weer die kinderstemme te vroeg uit die ouerhuise verwyder het.

Die staatsteun wat in die verband aan leerlinge vir laeronderwys toegestaan is, het uit die volgende bestaan: 'n Bedrag van 6d. per dag per kind aan die persoon wat die vervoer verskaf, d.w.s. privaat vervoerkontrakte, of 'n bedrag van nie meer as 1/- per dag per kind aan die persoon wat die kind naby die skool huisves, d.w.s. privaat losieskontrakte. Hierbenewens kon ouers van gratis staatsvervoerskemas gebruik maak.

Ouers het aan laasgenoemde twee skemas die voorkeur gegee. Die enigste klagte teen die stelsel was dat die vergoeding te gering was maar dit was nooit die bedoeling dat ouers van alle verpligting onthef behoort te wees nie, hoewel die staat dit tog as sy plig beskou het om terwille van sy eie veiligheid en die handhawing van die beginsels van die demokrasie vir gratis laeronderwys in te staan.

> "The arguments for free primary education are simple and convincing. The first is that ignorance may result in crime and poverty, and thus be both a danger

> and a clog to the welfare of the community. The second is that, final responsibility for the control and direction of public affairs having been given into the hands of the people, it is necessary to educate them so that they may be fit to discharge that responsibility."[146]

(b) Middelbare onderwys.

In Transvaal was middelbare onderwys aanvanklik nie gratis nie. Die keuse van 'n middelbare onderwysloopbaan het van die indiwidu afgehang. Indien hy oor die nodige vermoë, intelligensie en ywer beskik het, kon hy een van die bestaande middelbare inrigtings op eie koste bywoon. Beurse is slegs op grond van meriete toegeken. In 1909 is slegs 245 beurse vir middelbare onderwys teenoor 3,100 beurse vir laeronderwys toegeken. Van die leerlinge wat hierdie beurse ontvang het, sê Adamson:

> "This also is concentration in its best form...... They represented the best of the primary school pupils and are now on the higher rungs of the educational ladder."[147]

Voor 1912 het die keuring van beurshouers volgens die uitslae van 'n spesiale hoërskooleksamen geskied. In 1912 is hierdie stelsel egter afgeskaf, omdat dit hoofsaaklik in die behoeftes van die stedelike gebiede voorsien het. Hierdie beurse sou voortaan volgens die laerskoolverlatingseksamenuitslae toegeken word. Die vraestelle is deur die inspekteurs opgestel en moes op 'n inspekteurskonferensie goedgekeur word. Die antwoorde is deur 'n komitee van onderwysers(esse), onder leiding van 'n kringinspekteur, nagesien. Die eksamen het uit drie dele bestaan, n.l.

(i) 'n Mondelinge toets wat aan die einde van die jaar deur die onderwysinspekteur afgeneem is.

---

146. T.O.D. Jaarverslag 1914, 12.
147. Ibid 1909, 16.

(ii) 'n Skriftelike eksamen.

(iii) 'n Skool- of jaarrekord.

In 1912 is £2,000 aan skoolrade vir hierdie beurse beskikbaar gestel en hulle kon 91 beurshouers aanbeveel. Hierbenewens is daar nog 12 interne studiebeurse van £45 elk aan die sewe bestaande hoërskole[148] aangebied. Die keuse van hierdie leerlinge het nie op eksamenuitslae berus nie maar wel op die aanbeveling van die hoof van die betrokke inrigting.

Vir die toekenning van die gewone merietebeurse op grond van die leerling se prestasie in die skoolverlatingseksamen was die vereiste:

> "..... the bursaries will go to the financially, as well as to the intellectually, deserving."[149]

Behalwe die toekenning van beurse aan belowende leerlinge was daar 'n verdere tegemoetkoming in die kwytskelding van skoolgelde. Skoolrade is gemagtig om hoogstens 20% van die aantal leerlinge in die middelbare afdeling hiervoor in aanmerking te neem.

In 1914 is die heffing van alle skoolgelde vir middelbare onderwys behalwe in die geval van ambagskole en -klasse afgeskaf.[150] Dit het 'n addisionele uitgawe van sowat £25,000 per jaar meegebring.

> "It may unquestionably be said that primary education was starved in order to make secondary education free."[151]

Waar die eise vir gratis laeronderwys op grond van goeie burgerskap en 'n demokratiese verantwoordelikheidsin geregverdig kon word, was dit vir Adamson nog nie

148. Jeppe Hoër; Johannesburg Hoër-meisies; King Edward VII; Potchefstroom Hoër-seuns; Potchefstroom Hoër-meisies; Pretoria Hoër-seuns; en Pretoria Hoër-meisies.
149. T.O.D. Jaarverslag 1912, 37.
150. Ordonnansie No. 7 van 1914.
151. T.O.D. Jaarverslag 1914, 12.

'n uitgemaakte saak nie of dit deur gratis middelbare onderwys aangevul moes word nie. Die verskil tussen laer- en middelbare onderwys lê juis daarin dat eersgenoemde die ontwikkeling van die vermoëns en kennisinstrumente van die indiwidu en laasgenoemde 'n meer omvattende ontwikkeling beoog.

> "Briefly we may say that primary education contemplates necessary equipment and secondary education liberal equipment."[152]

As hierdie ontwikkeling vir die vorming van 'n beter burger noodsaaklik is, sou daar vir Adamson geen keuse wees nie, dog in werklikheid meen hy dat middelbare onderwys meer 'n persoonlike aangeleentheid is aangesien dit die indiwidu vir sy private nering voorberei. Vir Adamson was dit ongetwyfeld waar dat niemand die reg van middelbare onderwysgeriewe[153] ontsê mag word omdat hy nie daarvoor kon betaal nie, maar dit sou dan tog nie noodsaaklik gewees het om alle skoolgelde af te skaf nie. Beurse kon altoos nog in die behoeftige maar belowende gevalle toegeken word. Natuurlik is dit sy plig sowel as in sy belang dat die staat middelbare onderwys by soveel moontlik moet aanprys. As ouers daarenteen skoolgelde betaal, bestaan daar 'n moontlikheid dat hulle die loopbane van hulle kinders nie sommer terwille van geringe kleinighede sal beëindig nie. Die grootste gevaar van gratis middelbare onderwys lê juis in die kweking van 'n „Jan-Salie-gees." As van vermoënde ouers egter verlang word om vir die middelbare onderwys van hul kinders te betaal, sal daar by hulle 'n gevoel van selfstandigheid ontstaan en die geld wat op die wyse bespaar word kan aangewend word om in die behoeftes van steeds groter getalle armes te voorsien.

---

152. T.O.D. Jaarverslag 1914, 12.
153. Ibid 1914, 11 tot 13.

Wat Adamson se standpunt ook al was, gratis middelbare onderwys was, behalwe in die geval van ambagskole, 'n voldonge feit.

Verder het die staat ook nog losies- en vervoerbeurse toegestaan:

> "..... a very great deal is being done by the State to assist pupils by means of bursaries at every stage of education."[154]

10. VERPLIGTE ONDERWYS.

Indien die staat voorsiening maak vir gratis onderwysgeleenthede en verlang dat alle kinders die lewe goed toegerus moet ingaan, is dit redelik om te verwag dat almal daarvan gebruik sal maak en hierdie vormingsideaal sal steun.

In 1903 is die beginsel van gratis laeronderwys aanvaar en omskrywe,[155] dog die verpligting het slegs by 'n verlange gebly:

> "It will, I hope, be at no distant time that the Legislative Assembly will find itself able to pass a law making attendance at an elementary school compulsory ....."[156]

en hierby vul Adamson aan:

> "..... and the time seems ripe for a measure of compulsory education."[157]

Die Smutswet het die beginsel van verpligte onderwys nie alleen aanvaar nie, maar dit ook wetlik omskryf.[158] In 1909 rapporteer Adamson dat daar vir die eerste keer in die geskiedenis van Transvaal skoolbesoekbeamptes aangestel is.

---

154. T.O.D. Jaarverslag 1918, 26.
155. Ordonnansie No. 7 van 1903. T.O.D. Jaarverslag 1906, 149.
156. „Minute on Education by His Ex. the Governor." T.O.D. Jaarverslag 1906, 153.
157. T.O.D. Jaarverslag 1906, 42.
158. No's 19 tot 22.

> "It is one of those signs of progress which are apt to pass unnoticed, but it is none the less a notable event in the history of the social development of the Colony."[159]

Om verpligte skoolbesoek moontlik te maak is losiesbeurse toegeken en vervoerskemas[160] in die lewe geroep. Hierdie beurse en vervoerskemas was terselfdertyd ook bevorderlik vir die beleid van sentralisasie.

> "The principle behind this fund is, as has been so often pointed out, the principle of centralization."[161]

Die leemte in verband met die beursstelsel was egter dat die aantal aansoeke altoos die beskikbare aantal beurse vér oorskry het, en daarby was die noodgedwonge siftingstaak nooit aangenaam en maklik nie. Die vraag of die oprigting van losieshuise nie beter resultate sou lewer nie, het ook steeds die aandag van die owerheid geniet. Vervoerbeurse is toe ook toegestaan aan leerlinge wat ses myl of meer van 'n skool af gewoon het.[162]

Toe die Smutswet vir die eerste keer in die Transvaalse onderwysgeskiedenis hierdie verpligte onderwys voorgeskryf het, was daar verskeie persone wat so 'n stap as ontydig beskou het.[163] Nadat die wet vir drie jaar in werking was, het feitlik die hele bevolking onder die verpligte klousules te staan gekom, aangesien die losies- en vervoergeriewe onderwys binne die bereik van byna almal gebring het.[164]

Die skoolbesoekbeamptes sowel as die skoolrade het hulle pligte dermate nagekom dat die beraamde aantal skoolpligtige leerlinge wat buite Pretoria en Johannesburg nog nie op skool was nie, 3,000 tot 5,000 beloop het,

159. T.O.D. Jaarverslag 1909, 1.
160. T.O.D. Jaarverslag 1906 - Regulasies - 203 tot 204.
161. T.O.D. Jaarverslag 1909, 15.
162. Ibid 1910, 34.
163. Ibid 1910, 41.
164. Ibid 1910, 41.

terwyl 123 leerlinge in Johannesburg en Pretoria nog nie in die skole betrek was nie. In 1910 was daar sowat 9% van die skoolpligtige leerlinge in Transvaal wat nog nie van onderwysgeriewe gebruik gemaak het nie, terwyl daar in die verpligte gebiede[165] ook 'n merkbare verbetering in die gemiddelde skoolbesoek te bespeur was. Slegs 68 ouers is deur 14 skoolrade vervolg vir ongereelde skoolbesoek.[166] Die boetes het gewissel van 'n waarskuwing tot £2.

Op die 31ste Maart 1912 was daar in die 27 skoolraadsgebiede 65 muile, 1,141 donkies, 22 osse en 30 karre waarmee die leerlinge vervoer is. Dit het die Transvaalse Onderwysdepartement £16,963.9.6 vir die 3,000 leerlinge of sowat £5.6.0 per leerling aan vervoer vir daardie jaar gekos.

Adamson beskou hierdie bedrag, hoewel hoog, tog as geregverdig omdat daardeur minder skoolgeboue benodig is. Die ouers het die diere self gevoed en die trekgoed in goeie toestand gehou. Belangriker as die besparing wat dit meegebring het was die opvoedkundige doeltreffendheid wat daardeur moontlik gemaak is.

In 1912 is besluit om die vereistes van verpligte skoolbesoek[167] van die veertiende tot die vyftiende jaar en van die vierde tot die vyfde standerd te verhoog. Verder is ook neergelê dat leerlinge, wat daarna vrywilliglik op skool wou bly verplig sou word om dit gereeld te doen.

> "Unquestionably these amendments of the compulsory clauses represent a decided advance."[168]

> "..... the number of children in school compared with the number out, and the percentages of average attendance, afford striking testimony."[169]

165. T.O.D. Jaarverslag 1910, 42.
166. Ibid 1910, 43 tot 44.
167. Wysigings Ordonnansie No. 7 van 1912.
168. T.O.D. Jaarverslag 1912, 25.
169. Ibid 1912, 55.

In 1913 was die gemiddelde skoolbesoek 89.6% en in die daaropvolgende jaar, 'n jaar van onrus en burgeroorlog, 89.4%. Die uitbreiding en verbetering van vervoer- en losiesgeriewe, gerugsteun deur 'n besliste optrede ten opsigte van die verpligtingsklousules, was vir hierdie verbeterde skoolbesoek verantwoordelik.

In 1916 is verdere wysigings[170] in hierdie verpligtingsklousules aangebring toe daar neergelê is, dat vermoënde ouers wat buite die driemyl grens woon óf die volle óf die helfte van die losies- of vervoerkoste moes bydra en dat hulle ook onder die verpligtings van die wet geplaas sou word. Dieselfde ordonnansie het die Administrateur voorts gemagtig om óf die verpligtingsouderdom óf die standerd, óf beide op aanbeveling van 'n skoolraad te verhoog. Adamson het dan ook gemeen dat leerlinge 'n verdere twee jaar na standerd VI op skool sou aanbly.[171] Hierbenewens is bywoning van die voortsettingsklasse op aanbeveling van 'n skoolraad verpligtend gemaak, totdat leerlinge 'n tweejarige kursus voltooi of die ouderdom van 18 jaar bereik het.

Om hierdie gewysigde verpligtingsklousules van die wet[172] in werking te stel sê Adamson onder andere:

> "It is obvious that compulsion is not only a question of principle and policy, but also one of accommodation and staff."[173]

Tog het hy baie verheug gevoel dat daar ses skoolrade was, wat skoolverpligting van die vyfde tot die sesde standerd en van die vyftiende tot die sestiende jaar opgeskuif het. Die gemiddelde ouderdom van die leerlinge wat die standerd V-eksamen afgelê het was 13.6 jaar en onder die ou reëling

170. Ordonnansie No. 16 van 1916. T.O.D. Jaarverslag 1916, 36 tot 37.
171. T.O.D. Jaarverslag 1916, 37.
172. No. 16 van 1916. T.O.D. Jaarverslag 1918, 26.
173. T.O.D. Jaarverslag 1918, 26.

sou die meeste leerlinge dus nie langer onder die verpligtingsklousule geval het nie. Elke jaar van gevorderde onderwys op hierdie leeftyd was besonder waardevol vir beide die kind en die staat, want daardeur is die mees talentvolle leerlinge in staat gestel om verder opgelei te word.

> "It is earnestly to be hoped that other boards will follow suit as soon as they feel that the time is ripe."[174]

Vir diegene wat nie die voordeel van hierdie verdere verpligte onderwys kon geniet nie maar die gewone skool moes verlaat om te gaan werk, moes die voortsettingsskool veel beteken het.

> "The continued education of pupils who, through economic pressure, have had to leave school on the completion of the primary course, and have had no other schooling, must be provided for. Compulsory continuation classes are inevitable......"[175]

In 1920 was daar reeds 48 voortsettingsklasse met 'n totale inskrywing van 2,727 leerlinge wat onder die organiserende inspekteur, mnr. H.C. Green, in die volgende rigtings opleiding ontvang het:[176]

(a) Verdere laeronderwys.

(b) Beroepsopleiding, veral in handel en die verskillende ambagte.

(c) Verdere middelbare opleiding wat selfs voorbereiding vir die matrikulasie-eksamen verskaf het.

Die voortsettingsklasse vir vakleerlinge het 'n goeie voorbeeld van wat eintlik verlang word, aangebied. Deur 'n ooreenkoms met die Kamer van Mynwese, die Spoorwegadministrasie, die Publieke Werkedepartement en die Departement van Besproeiing, is alle vakleerlinge verplig

174. T.O.D. Jaarverslag 1918, 27.
175. Ibid 1919, 21.
176. Ibid 1920, 56 tot 57.

om die dagvoortsettingsklasse by te woon.[177] Indien hulle dit nie doen nie, is hulle lone verminder. Vanselfsprekend het die Rand en Pretoria waar die arbeidsvraag soveel groter was meer by hierdie reëlings as die dunbewoonde plattelandse gebiede gebaat. Waar daar egter 'n groepie van vyf leerjongens was, was hulle geregtig op die stigting van so 'n klas. Ongelukkig was die belangstelling op die platteland in hierdie opsig nie groot nie. In die geval van die gewone dagskole was die skoolbesoek nie alleen heeltemal bevredigend nie, maar het ook volgens onderstaande tabel geleidelike verbetering sedert 1907 aangetoon:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1907 | 1908 | 1909 | 1910 | 1911 |
| 84.8 | 87.1 | 85.8 | 86.0 | 88.3 |
| 1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 |
| 89.1 | 89.6 | 89.4 | 89.6 | 89.4 |
| 1917 | 1918 | 1919 | 1920 | 1921 |
| 90.3 | 87.7 | 89.2 | 90.0 | 91.1 |
| 1922 | 1923 | 1924 | | |
| 91.9 | 92.1 | 91.5 | | |

Volgens hierdie syfers blyk dit dat die verskeie skoolrade die verpligtingsklousules van die wet met wyse vernuf vertolk en uitgevoer het. Die aansoeke om vrystelling van verpligte skoolbesoek het die oordeelkundige aandag van alle skoolrade geniet en swak gesondheid was steeds 'n gewigtiger rede om 'n vrystellingsversoek toe te staan as armoede en werkneming.

In 1923 het die ekonomiese toestand van die land sodanig verswak dat die skoolbesoekbeamptes afgeskaf moes word en hul werk is aan die sorg van die skoolraadsekretarisse opgedra. Dit was egter 'n stap wat bestem was om

177. T.O.D. Jaarverslag 1920, 57.

die volgende jaar 3,000 kinders minder op skool tengevolge te hê. Elke soort skool het tot hierdie vermindering bygedra.

> „Hierdie daling is ongetwyfeld in groot mate te wyte aan die afwesigheid van skoolbesoekbeamptes...."[178]

Hoewel die bestaande wetgewing die onderste grens op sewe jaar en die boonste op 15 jaar of die voltooiing van die vyfde standerd gestel het en die Administrateur op aanbeveling van 'n skoolraad die boonste grens kon wysig tot standerd VI of 16 jaar, het daar tog heelwat kinders waarvan sommige selfs so jonk as 13 jaar was, ledig rondgeloop. Derhalwe het die „Education Administration Commission,"[179] wat onder andere die Unieregering se geldelike verpligtings teenoor die provinsies moes ondersoek, aanbeveel dat die standerd as alternatief geskrap moes word en dat slegs die ouderdomsgrens behoue moes bly.

> "This decision was in accordance with the evidence submitted by the Secretary, Mr. H.S. Scott, and myself on behalf of the Department."[180]

Adamson het sy getuienis soos volg ingeklee:

> "The justification for compulsion is the safety and welfare of the State as such. Ignorance and undeveloped intelligence of a low order are a danger to the State: to its economic, political, and moral stability and welfare. This all would accept. But we must, I think, add lack of self-control and the habits of orderliness. If ignorance helps to make poor whites, lack of self-control and the abuse of liberty help to make hooligans. And the completion of the 15th year seems to me justified as an absolute (unqualified) limit of compulsion, because in the interests of the State the early years of adolescence should be years when the pupil is under school (i.e. organized society) discipline."[181]

178. T.O.D. Jaarverslag 1924, 14.
179. U.G. 19, 1924.
180. T.O.D. Jaarverslag 1923, 13.
181. Ibid 1923, 13.

Adamson se getuienis het sy persoonlike standpunt in verband met verpligte skoolbesoek baie duidelik gestel. Die jare 13 tot 15 is belangrike jare wanneer die kind in 'n georganiseerde skool deur dissipline goed gevorm behoort te word. Gedurende hierdie vroeë puberteitsjare moet die aankweking van goeie sedelike gewoontes baie aandag geniet. Vir die ontwikkeling van hierdie sosiale dissipline behoort die skole soos padvinderorganisasies te wees.

In verband met die vertraagde leerlinge wat standerd VI nie op 16-jarige leeftyd kon slaag nie, het die Kommissie voorts aanbeveel dat hulle 'n jaar langer op skool moes bly, omdat hierdie ekstra jaar op skool van hulle nuttiger lede van die gemeenskap behoort te maak.

Die verpligtingsgedagte was juis daarop gemik om die volksjeug se opvoeding en onderwys so hoog moontlik op te skuif. Omdat daar in hierdie land ook nog met die kleurling en die naturel rekening gehou moet word, moet die vormende invloed van die onderwys die beskawingspeil teen insakking beveilig.

## 11. KRITIESE BESKOUING.

Die vertolking, toepassing en uitvoering van 'n wet is net so belangrik as die juiste opstelling daarvan. Adamson het 'n aandeel in beide gehad. Hy was behulpsaam met die opstelling van die onderwyswet van 1907 en hy het gedurende die daaropvolgende 17 jaar toegesien dat die uitvoering, toepassing en nodige wysigings daarvan wetlik geskied het. Een van sy belangrikste pligte was die vertolking van wetspunte wat andersins praktiese moeilikhede sou oplewer. Sake soos plaaslike besture, voertaal, godsdiensonderrig, die status en diensvoorwaardes van onderwysers(esse), nie-blanke onderwys, verpligte skoolbesoek, laer- en middelbare onderwys, ens. was telkens die

onderwerp van bespreking in sy jaarverslae. Hy het die gees en strekking van die wet aan almal wat belang daarby gehad het, in alle duidelikheid vertolk en sodoende die weg na insig gebaan om ontevredenheid in te perk of uit die weg te ruim.

Hy het sy aandag nie alleen tot die geskrewe woord bepaal nie maar het ook deur persoonlike besoeke aan inspekteurs-, skoolraads- en onderwyserskonferensies verklarende bydraes, wat getuig het van 'n heldere insig, gelewer. Deur 'n verstandige optrede het hy 'n belangrike bydrae gelewer om die bevolking tot samewerking en instemming oor te haal.

Daar was haas geen aangeleentheid op die gebied van onderwys waaroor hy hom nie uitgespreek het nie en wanneer hy met aanvegbare sake te doen gehad het, was sy standpunt duidelik en beslis maar steeds opvoedkundig en prakties. Hy het hom nooit op die wet beroep om sy gesag te laat geld nie. Hierdie menslikheid het by almal agting en eerbied afgedwing, sodat hy 'n blywende plek in ons onderwyswetgewing ingeneem het.